SOUTH AFRICAN MEDICAL JOURNAL

SUID-AFRIKAANSE MEDIESE TYDSKRIF

Cape Town, 3 August 1974 Volume 48 No. 37 Deel 48 Kaapstad, 3 Augustus 1974

*EDITORIAL* *VAN DIE REDAKSIE*

# Official Announcement re Contracting Out

In this issue we publish an extremely important official announcement that affects every practising doctor in the country. We urge our readers to give the fullest attention to the statement by the General Secretary that appears on page 1589 and to the memoranda which follow, stating the resolution of Federal Council and highlighting the arguments that have been put forward in this regard.

The questionnaire that has already been sent to every member of the Association should be returned, duly completed, not later than 23 August 1974, to the General Secretary, Medical Association of South Africa, P.O. Box 1521, Pretoria, 0001.

Members should please note that circulars from persons not authorised to do so by MASA are also being distributed among doctors, containing questionnaires concerning the monetary tariff, kind of service given, the possibility of a national health service, and so on. Members are earnestly recommended to ignore such unofficial questionnaires and not to complete them, but to direct their attention only to the circular letter from the Medical Association of South Africa.

# Amptelike Aankondiging insake Uitkontraktering

In hierdie uitgawe publiseer ons 'n uiters belangrike amptelike aankondiging wat iedere praktiserende geneesheer in die land raak. Ons wil graag ons lesers versoek om hul onverdeelde aandag aan die aankondiging deur die Algemene Sekretaris wat op bladsy 1589 verskyn, te skenk, asook aan die memorandums wat daarop volg, waarin die besluite van Federale Raad uiteengesit word, asook die argumente wat in dié verband gestel is.

'n Vraelys is reeds aan iedere lid van die Vereniging gestuur en dit is noodsaaklik dat lede die vraelys versigtig invul en voor 23 Augustus 1974 terugpos aan die Algemene Sekretaris, Mediese Vereniging van Suid-Afrika, Posbus 1521, Pretoria, 0001.

Lede moet asseblief daarop let dat omsendbriewe deur persone wat nie daartoe deur MVSA gemagtig is nie ook aan geneeshere gestuur word met vraelyste insake die geldetarief, wyse van dienslewering, die moontlikheid van 'n nasionale gesondheidsdiens, en dies meer. Lede word ten sterkste aanbeveel om sulke nie-amptelike vraelyste te ignoreer en hulle nie te voltooi nie, maar slegs aandag te skenk aan die amptelike omsendbrief van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika.

# Telefoonkonsultasies

Alle dokters, spesialiste en huisartse leef dag in dag uit met die telefoon saam. Dit is feitlik die sentrale punt van hul praktykvoering, en 'n moderne mediese diens sonder die gebruik van die telefoon is haas ondenkbaar. Dis ook daarom dat geneeshere wat aansoek doen om 'n nuwe telefoon wanneer hulle verhuis, sulke simpatieke samewerking van die poskantoorpersoneel ontvang—'n samewerking waarvoor ons innig dankbaar is. Met die hedendaagse radioverbinding wat dit ook vir die dokter moontlik maak om met 'n kontroleerpunt in verbinding te bly wat boodskappe betref, het praktykvoering werklik die moderne era betree.

Dit is egter ook te verwagte dat die telefoon as kommunikasiemiddel probleme gaan oplewer. Daar is haas geen praktiserende dokter wat nie op een of ander stadium voor die besluit te staan gekom het om òf advies oor die telefoon te gee, òf liefs self te gaan kyk nie. Dit help nie om pedanties te wees en te sê dat telefoonkonsultasies volkome verdoem moet word nie. Dit klink eties en lofwaardig om te konstateer dat enige persoon wat siek genoeg is om mediese hulp te soek, daarop geregtig is om op die dokter se fisieke teenwoordigheid aan te dring en persoonlike aandag te ontvang. In die praktyk duik daar egter talle omstandighede op wat met gemak, veiligheid en volle aanvaarding deur beide partye oor die telefoon afgehandel kan word. Herhaling van voorskrifte vir geneesmiddels wat permanent aangewend moet word vir toestande soos diabetes, hipertensie en dies meer, uitsluitsel in verband met kwarantynvoorwaardes en 'n magdom ander voorbeelde kom dadelik in die gedagte op.

Sommige pasiënte maak miskien te veel van die telefoonkonsultasie gebruik, en 'n enkele dokter is miskien geneig om sy werklas te probeer beperk deur oor die telefoon raad te gee, maar oor die algemeen word die instrument tot voordeel van sowel die publiek as die mediese beroep benut. Die Geneeskundige en Tandheelkundige Raad het gedurende sy onlangse vergadering in Kaapstad weer onomwonde uitspraak gelewer dat vir hierdie telefoonkonsultasies geen gelde gevra mag word nie. Dit is belangrik dat ons lesers hierdie bepaling in gedagte hou, want wanneer die telefoon se luiery regtig lastig word, sou dit miskien 'n troos gewees het as daar darem 'n ou inkomstetjie aan verbonde kon gewees het. Dit mag egter nie.

Juis omdat die dokter geen gelde vir telefoonkonsultasies kan verhaal nie, wil ons vra dat die publiek nie van dié diens misbruik moet maak nie. Wedersydse tegemoetkomendheid is altyd 'n prysenswaardige houding. Korrek benut is hierdie kommunikasiemiddel 'n wonderlike hulp, maar onoordeelkundig gebruik kan dit tot irritasie en probleme aanleiding gee.